C & N Sekondêre Meisieskool Oranje

Vooruit!

1907

Skoolhoof: Mev. A. Klink
hoof@oranjemeisies.co.za

https://linktr.ee/oranjemeisies

051 447 4681
051 447 5074

29335, Danhof 9310
Harry Smithstraat 3
Arboretum, Bloemfontein

Hiermee erken ek, _____, ouer van _____ in gr. _____, ontvangs van die **Finansiële Brief van 2025,** en dat ek op die inhoud daarvan gelet het.

Geteken op: _____/ _____/ 2024

_____
Handtekening

24 Oktober 2024

Geagte Ouer

SKOOLFONDS EN LOSIESGELD 2025:

Na aanleiding van die begrotingsvergadering, gehou op 16 Oktober 2024, is die volgende besluite deur die ouers goedgekeur:

1. SKOOLFONDS

Die skoolfonds vir 2025 beloop **R31 450,00** vir die jaar. Die volle bedrag sal in Januarie 2025 gehef word. Inbetalings moet in die Hoërskool se **Eerste Nasionale Bankrekening** gedoen word.

Korting:

Indien u die volle rekening vóór 17 Februarie 2025 vereffen, is daar 'n 5%-korting ter sprake (R31 450,00 – R1 572,00 = **R29 878,00 - Sambabetalings uitgesluit**).

Indien u 'n ACB-aftrekorder **by die skool** teken, kry u 3%-korting (R3 145,00 – R94,00 = R3 051,00 per maand). Die aftrekorder gaan slegs die 1ste van elke maand as opsie vir betaling aangebied word. Die nodige vorms is by die Finanskantoor beskikbaar.

In terme van **artikel 38 en 39(1)** van die Suid-Afrikaanse Skolewet is u verplig om dié fondse te betaal.

Tesourier: Lida Ezendam
finansies@oranjemeisies.co.za

Hoër Meisieskool Oranje
#oranjemeisieskool

Admin: Jeanine Kuntzman
admin@oranjemeisies.co.za

In terme van **artikel 40** van die Suid-Afrikaanse Skolewet is ons gemagtig om die fondse deur middel van regstappe af te dwing. Indien daar probleme opduik, is die ouers verplig om **skriftelik** 'n reëling met die Finanskantoor te tref. Hierdie reëling moet **elke jaar** hernu word.

Die skoolfonds is streng vooruitbetaalbaar, tensy u reëlings tref vir 'n maandelikse afbetaling (Januarie – Oktober 2025**, voor die 7de van elke maand**).

Volgens die Skolewet is ouers wat nie skoolgeld kan bekostig nie, daarop geregtig om vir kwytskelding aansoek te doen. Dit moet voor 28 Februarie 2025 by die Finanskantoor gedoen word.

Aangesien die koste verbonde aan die maandelikse pos van state nie haalbaar is nie, word state slegs per epos uitgestuur. Maak seker u eposadres vir rekeninge is korrek. Dit is u as ouers se verantwoordelikheid om seker te maak dat u skoolfonds op datum betaal word.

2. LOSIESGELD

2.1 GRAAD 8

Die losiesgeld beloop R12 310,00 per kwartaal. 'n Eenmalige registrasiegeld van R500,00 is by die Hoërskool betaalbaar. U dogter word wel in E. le Rouxhuis gehuisves, maar die registrasiegeld is by die **Hoërskoolkantoor** betaalbaar. Dié registrasiegeld is nie aftrekbaar van die losiesgeld wat kwartaalliks betaal word nie.

Losiesgeld word kwartaalliks vooruit by die **Laerskoolkantoor** betaal. Direkte inbetalings word in die ABSA-bankrekening van **E. Le Rouxhuis gedoen**.

Daar is ook 'n bussiegeld van **R200,00 per kwartaal** by die Hoërskoolkantoor betaalbaar. Die bedrag word kwartaalliks teen u skoolfondsrekening gehef. Inbetalings kan in die Eerste Nasionale-Bankrekening van die skool gedoen word.

2.2 GRAAD 9 – 11 CM Jooste Koshuis

Die losiesgeld beloop R12 510,00 per kwartaal. Dit is betaalbaar **voordat** die dogter aan die begin, van elke kwartaal haar kamer betrek. Die **ABSA-Bankrekening van CM Jooste koshuis** moet gebruik word.

2.3 GRAAD 12

Die losiesgeld beloop R14 420,00 per kwartaal vir **drie** kwartale. Die vierde kwartaal betaal die leerder R500,00 per week wat sy inbly. Dit is betaalbaar **voordat** die dogter aan die begin van die kwartaal haar kamer betrek. Die ABSA-bankrekening van die koshuis waar u dogter inwoon, word gebruik.

BELANGRIKE KENNISGEWING

Indien 'n leerder die koshuis verlaat, moet die ouer 'n **kwartaal vooruit**, skriftelik, by die Finanskantoor kennis gee. Indien u versuim om by dié reëling te bly, is die ouer verantwoordelik vir 'n volle kwartaal se losies.

Aangesien die koshuis hoegenaamd geen bystand/subsidie van die Departement van Onderwys ontvang nie, is die skool verplig om 'n nuwe reëling in verband met die betaling van losiesgeld in te stel:

GEEN leerder gaan toegelaat word om haar kamer te betrek, indien die ouer nie 'n kwitansie by Ontvangs (koshuis) toon nie. Hierdie kwitansie moet getoon word wanneer die dogter vir die nuwe kwartaal aanmeld.

Indien u u dogter op 'n Sondag inbring, kan u die losiesgeld direk in ons rekening deponeer en die nodige bewys saambring.

3. BANKBESONDERHEDE

	Hoërskool: Skoolfonds ens.	**Koshuis: Losiesgeld: Graad 9-12**	**Primêre Skool E. Le Rouxhuis Graad 8**
Naam	C & N Sek. Meisieskool Oranje	C.M. Jooste Bedryfsrekening	E. Le Roux Bedryfsrekening
Bank	Eerste Nasionale Bank	ABSA	ABSA
Tipe rekening	Tjekrekening	Tjekrekening	Tjekrekening
Rek. Nr.	62559458601	470141379	1570149128
Takkode	230234	632005	632005

.....

P.J. DU PLESSIS
BEHEERLIGGAAM: FINANSIES

.....

L. EZENDAM
FINANSIëLE BEAMPTE

DIé OPSOMMING KAN U VIR U REKORDS HOU:

OPSOMMING VAN 2025

SKOOLFONDS

Betaalbaar Januarie - Oktober

Skoolfonds vir die jaar	-	R31 450,00
5%-Korting as dit voor **15 Februarie** betaal is	-	R29 878,00
Per maand	-	R 3 145,00
Per kwartaal **(slegs kwartaal 1-3)**	-	R 9 435,00
Laaste kwartaal Oktober	-	R 3 145,00
ACB-debietorder **(korting van 3%)**	-	R 3 051,00
Bussiegeld per kwartaal **(slegs gr. 8's)**	-	R 200,00

BANKINLIGTING

C & N Sekondêre Meisieskool Oranje

BANK: FNB REK. NR: 62559458601

TAKKODE: 250655

KOSHUIS

Gr. 9-11 **(per kwartaal)**	-	R12 510,00
Gr. 12 **(slegs kwartaal 1–3)**	-	R14 420,00
Gr. 12 **(4de kwartaal) – per week**	-	R 500,00

BG. IS SLEGS VIR GR. 9-12 DOGTERS WAT IN JOOSTEHUIS BLY

BANKINLIGTING

CM JOOSTE BEDRYFSREKENING

BANK: ABSA REK. NR: 470 141 379

TAKKODE: 632005